Vooraf sang:
Lied 577: 1,2,3
Nuwe Sb “Die Heilige Gees werk” : 1 (Mel Lied 188)

Ontmoetingsdiens
Intreelied Ps. 62 – 2: 1,4
Votum
Seën
Loflied Sb 4 - 6: 1
Gebed.

Woorddiens
Skriflesing Filippense 4 : 4 – 9
Teks: verse 4 – 7
Galasiërs 5: 22

Sing Ps. 131 – 1: 1,2,3
Woordverkondiging;

Antwoorddiens
Gebed
Liefdegawes
Sing Lied 588: 1,3
Seën
Amenlied Sb 12 – 2.

Tema: Midde in ‘n wêreld van onvrede gee God ons vrede as vrug van sy Gees.

Geliefde brs. en srs. en kinders

Ons leef in 'n tyd van baie druk en spanning. Die lewenseise is hoog en die druk van werk, skool en gemeenskap word net al hoe groter en groter. Alles gaan net vinniger en vinniger en baie dinge jaag jou. 'n Mens beleef 'n toenemende gevoel van onvrede in jouself – hier lê iets hierbinne wat nie tot rus wil kom nie.

Dit is egter nie net die druk van buite nie **maar ook die druk van binne wat jou ongemaklik laat voel: ‘**n gevoel van onafgehandelde dinge in jou binneste wat roep om afhandeling. Dalk hartseer oor mislukkings in menseverhoudinge. Dalk skuldgevoel oor onafgehandelde werk. Die ervaring dalk van leegheid omdat jy terugkyk en so min vrugte op al jou harde werk sien. Teleurstelling oor verydelde drome. 'n Worsteling met jouself en jou menswees. Dalk die besef dat die lewensjare vinnig besig is om uit te loop en dat dit jou onkant betrap. Of ‘n onbehae in jou verhouding met die Here.

Miskien dan maar net die gevoel van die Prediker: alles was 'n gejaag na wind. Daardie gedagtes en optredes wat jou dryf tot kommer en vrees.

Br. en sr, **binne 'n mens brand die begeerte om vrede met jouself, jou lewe, vrede met God en vrede met jou mense.**

Geliefdes, Die Here sê vanaand vir ons dat Hy **aan ons deur die Heilige Gees ‘n vrede tee wat alle begrip te bowe gaan** - m.a.w. dit is net so onpeilbaar diep, wyd en breed en hoog soos die liefde van Christus en hierdie vrede hou oor jou emosies en gedagtes die wag. **Vrede wat beteken dat jy tot rus kan kom**, dat dit weer met jou goed kan gaan, ten minste wat jou innerlike lewe - jou gesindheid en jou uitkyk op die lewe betref.
Vrede, br. en sr., wat weer **orde in jou lewe bring**. Wat die chaos van kommer, vrees en skuld uit jou verdryf en orde bring in hoe jy oor die lewe voel en dink en veral ook orde in wat jy doen.

In ons **soeke na vrede**, geliefdes, moet ons **weet dat hierdie vrede alleen van God kom. Jy kan hierdie vrede nie vind deur jou omstandighede te wil verander nie**. Vrede hang nie van eksterne omstandighede af nie. Jy moet dus nie dink as jy van jou ongelukkige omstandighede wegvlug jy êrens elders vrede sal vind nie.

Verder moet ons besef dat **mense nie vir jou hierdie vrede kan gee nie**. Hoe wonderlik en goed die mense rondom jou dalk mag wees – hulle kan jou nie hierdie vrede gee nie

Vrede kom alleen van God af wat dit in Jesus Christus dit aan ons skenk. Vrede het ons gehoor is ‘n vrug van die werking van die Heilige Gees in die lewe van die gelowige. Die Heilige Gees alleen kan hierdie vrede in jou lewe vestig as vrug van sy genadewerk in jou.

Kom ons kyk hoe God hierdie vrede in ons lewe vestig.

Brs. en srs. God vestig hierdie vrede in ons hart op 'n besondere wyse.
Net soos met geloof **neem God die Heilige Gees die inisiatief** en gee Hy aan ons hierdie vrede.

Ek moet egter ook hierdie vrede as vrug van die Gees laat voorkom in my lewe. Soos Paulus dit in Galasiërs 5: 16 en 23 sê: “ons moet deur die Gees lewe!” Die Gees gee hierdie vrede maar ons moet “ons deur die Heilige Gees laat beheers” sodat ons sy vrug kan dra**. Daarom verwag die Here ook van my sekere dinge sodat ek dit wat Hy gee kan laat ontplooi in my lewe.** Dit is nie voorwaardes nie, maar die pad waarlangs God aan my vrede gee. En op hierdie pad is daar sekere bakens.

Die eerste baken vind ons in vers 4 met die opdrag: **Wees bly!!** Blydskap, geliefdes, wat ons **lewenshouding** teenoor onsself, ander mense en ons omstandighede openbaar. Blydskap wat sigbaar word as ons perspektief behou.
Wanneer word ons van ons blydskap beroof? **As ons van God en sy genade vergeet!!** Jy sal nie bly kan wees in moeilike omstandighede as jy bv dink dat God jou **straf nie**. Jy sal dit ook nie kan aanvaar as jy nie glo dat die gebeure in jou lewe **God se wil is** waarmee Hy 'n goeie en positiewe bedoeling met jou het nie

Die sleutel wat hierdie blydskap ontsluit is die woorde: die Here is naby! Hy is naby in plek en tyd. Hy is altyd by my! Ek is nooit alleen nie en ek is nooit sonder hulp nie! Die feit dat die Here naby my is laat my my fokus en perspektief behou want dan kan ek ongeag neerdrukkende omstandighede, steeds bly wees.

Die tweede baken op pad na vrede is jou **gesindheid teenoor ander mens**e. Die griekse woord in vers 5 wat met “inskiklik” of” vriendelikheid” vertaal word is eintlik onvertaalbaar in Afrikaans so ryk is dit aan betekenis. **Jy kan sê dit beteken**: ruimhartig, toegeeflik, vriendelik, goedgesind ens. Maw , dit dui op 'n onvoorwaardelike oop gesindheid teenoor ander mense. Die oop en liefdevolle wyse waarmee jy ander mense deel van jou lewe maak en jy deel van hulle lewe word.

Dit is **die teenoorgestelde** van onvriendelikheid, vergelding, kwade gedagtes en bedoelinge teenoor ander, onvergewensgesindheid, ens. Met sulke dinge in jou hart sal jy nooit, maar nooit, vrede vind nie. **Voor jy nie jou gesindheid teenoor mense verander en dit teenoor hulle bewys nie - sal jy nooit vrede in jou hart vind nie.** Die vrug van die Gees word ‘n werklikheid wanneer ek my gesindheid teenoor ander mense verander en hulle met die vrug van die Gees bedien.

Maar, geliefdes, dit is alleen moontlik wanneer jy eers jou verhouding met God herstel. Eers wanneer jy jou eie sonde en tekortkominge besef en dit voor God bely en smeek dat God jou in Christus vergewe, eers dan sal jy anders teenoor ander mense kan optree. Omdat God in Christus ‘n oop en ruimhartige gesindheid teenoor ons openbaar en ons verhouding in Christus met Hom herstel het, daarom kan ons dit ook teenoor ander openbaar en so leef die vrug van vrede dan in my. Dan word dit ‘n vrug in my lewe wat ander mense ook kan geniet.

Die derde baken op die pad is gebed. Wie nie bid nie - sal nooit vrede ontvang nie!! Gebed maak van sondige bekommernis - vredevolle besorgdheid. Daarom moet ek al my vrese, my sorge en my behoeftes in gebed voor God bring. Paulus gebruik hier twee woorde vir gebed en die e**en woord dui daarop dat ek met spesifieke verwysing na sake moet bid**. Dat ek die dinge in my lewe **in besonderhede** voor God bring sodat ek kan leer **om in alles op God te vertrou**. Dat ek kan bid oor dit wat my pla - van

omstandighede, van mense, van gevoelens - soos vrees en skuld, ja dat ek alles – ook vrede - van God kan afbid. Met volle oorgawe aan God in gebed kom vrede.

Brs. en srs. kom ons maak weer erns met ons gebedslewe. Kom ons bid soos die Here ook sê "**sonder ophou"** sodat ons die vrede van God kan ontvang. Maar kom ons smeek nie net om ons behoeftes nie - ons **dank God** ook vir so baie seëning en voorregte.

Vrede kom ook deur dankseggging. Want deur dankie te sê aanvaar ek wat God my gee en berus ek in sy wil. So kan ek ook dankie sê vir beproewing, swaarkry en lyding - want ek weet God gaan deur dit alles positiewe dinge in my lewe bewerk. Miskien ervaar ons so min vrede omdat ons so min dankie sê!!!

As ons ons op hierdie die pad deur die Gees laat lei en hierdie bakens volg: dan word daardie vrug van die Gees ook 'n sigbare vrug in my lewe.

Brs en srs, kyk net na die besondere wyse waarop hierdie vrede van God met my werk. Paulus sê: **dit hou die wag oor my gedagtes en my emosies**. Filippi was 'n soldate dorp en daarom gebruik Paulus hierdie beeld van die wag. Net soos 'n wag wagstaan en waak by die wagpos sodat die ander soldate rustig kan slaap - **so hou God se vrede wag oor my gedagtes en my emosies.** Dit gee my ruimte om rustig te wees en dit beskerm my.

Gods **vrede staan wag oor my gedagtes**: dit sorg dat my perspektief nie deur die duiwel beroof word nie. Gods vrede keer dat ek nie verval in negatiewe gedagtes oor Hom, ander mense en myself nie. Gods vrede bewaar die beloftes van God se liefde, genade en vergifnis in my sodat ek kan doen wat Hy van my vra.

Omdat Gods vrede oor **my denke waak bewaar Hy ook my emosies.** Hy dryf vrees, kommer en skuld weg en bewaar liefde in my. Hy keer dat liefde nie ontsnap nie - my liefde vir Hom, myself en my naaste. So hou Gods vrede oor my die waak.

Br en sr, is dit nie 'n wonderlike openbaring nie!! So sorg God dat Hy in Christus en deur die werk van die Heilige Gees in my vrede, rus en orde vestig. Dit waarna u en ek so smag in hierdie wêreld van onvrede!! Vrede wat volkome sal wees wanneer Christus op die laaste dag kom.

Wil jy ook hierdie vrede hê? Glo dan wat die Here hier in sy Woord vir jou sê en loop in die krag van die Heilige Gees die pad al langs die bakens wat die Here vir jou aandui en Hy sal jou sy vrede gee: vrede wat jou verstand te bowe gaan. Vrede as vrug van die Gees.

Amen.